PRINCE ALBERT MUNICIPALITY

PRIVATE BAG X53

PRINCE ALBERT, 6930

# KENNISGEWING 53/2025

*Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as:*

## ELEKTRISIËN
## POS IDENTIFIKASIE NOMMER : WC052-1.4.2.1.6.1
## DIREKTORAAT : TEGNIESE DIENSTE
## AFDELING : OPERASIONELE DIENSTE – PRINCE ALBERT

### VEREISTES

- 'n N2 kwalifikasie in Elektries.
- Een tot twee jaar bewese ondervinding.
- Voltooide vakleerlingskap met 'n geslaagde ambagstoets as Elektrisiën.
- Bedradingslisensie.
- Bewese ervaring om met 22 kV verspreiding te werk.
- 'n Geldige kode EB Rybewys / Kode 10.
- Goeie interpersoonlike vaardighede.
- Bereidwilligheid en beskikbaarheid om bystanddiens te doen.
- Goeie kommunikasievaardighede ten minste twee van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap.

### AANBEVELING

- Geldige ORHVS sertifikaart.
- Kode 10 met PrDP.

### VEREISTE BEVOEGDHEIDSVLAKKE

- Die bevoegdheidsvlak vir hierdie pos is 'n vlak 2 van die Bevoegdheidsraamwerk vir die Ambagte soos bepaal in Bylae A van die Munisipale Personeel Regulasies Staatskennisgewing R890 soos afgekondig in die Staatskoerant 45181 soos gedateer op 20 September 2021.

### PLIGTE

- Ondersteuning en instandhouding van die elektriese netwerk in Prins Albert Munisipale gebied.
- Instandhouding van skakeltuig en geassosieerde toerusting soos per instandhoudingskedule.
- Herstel van kabelfoute, ligte en hoëmas ligte soos benodig.
- Uitvoer van bystandpligte soos en wanneer nodig.
- Inspeksie van substasie en oorhoofse transmissielyne soos per instandhoudingskedule.
- Installasie van kragmeters en toerusting.
- Werk op hoogtes.

- Verseker dat alle veiligheidstandaarde gehandhaaf word in term van elektriese installasie regulasies.
- Onderhoud en herstel van pompe.

## SALARIS

- T10 van Kategorie 1 Munisipaliteit: **R 267 582,72 pj. (R 22 298,56 per maand)**
- Benewens gemelde salaris, bied die Raad sy permanente werknemers die volgende byvoordele: Pensioen-en mediesefonds bydraes, behuisingsubsidie, ruim-en siekteverlof en 'n dertiende tjek na 12 maande diens.

## STATUS OF POSISIE

- Permanent

## SLUITINGSDATUM

- Dinsdag 13 Mei 2025 om 15h00

## ALGEMEEN

1. Aansoeke moet gerig word op die voorgeskrewe aansoekvorm (verkrygbaar van die munisipale webblad of Menslike Hulpbronkantore), vergesel van 'n curriculum vitae, oorspronklik, gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument, en moet gerig word aan **Mnr Abridon Sass, MENSLIKE HULPBRONNE AFDELING, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930 voor of op Dinsdag 13 Mei 2025 om 15:00.**
2. Applikante word aangemoedig om aansoeke elektronies in te dien by jobapplications@pamun.gov.za
3. Kandidate moet bereid wees om aan 'n praktiese toets, onderhoud en evaluasieproses onderwerp te word en moet bewus wees dat vorige werkgewers en verwysings gekontak kan word en dat hulle kwalifikasies en kredietrekord nagegaan kan word.
4. Navrae word gerig aan:

| | |
|---|---|
| **Werkverwante navrae** | **Mnr Ashley America**<br>Tel: 023 541 1036<br>Epos: ashley@pamun.gov.za |
| **Menslike Hulpbronne verwante navrae** | **Mnr Abridon Sass**<br>Tel: 023 541 1036<br>Epos: abridon@pamun.gov.za |

5. Prins Albert Munisipaliteit is 'n gelyke indiensneming-werkgewer en moedig gestremdes, persone uit voorheen benadeelde groepe en veral vroue aan om aansoek te doen. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer. Indien u nie binne 90 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

6. **Neem asseblief kennis dat die volgende tot diskwalifikasie sal lei:**
   6.1) Nie-indiening van afskrifte van akademiese kwalifikasies/rekords nie.
   6.2) Gunswerwing van Raadslede.
   6.3) Indien van bedrieglike kwalifikasies en/of dokumente.

**ADV. MATTHYS GILIOMEE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**
**22 APRIL 2025**